15.9 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA OOR DIE SAMESTELLING VAN SDDS (Art 205)

A. Die Sinode gaan in camera.
B. Diaken K Kruger stel die beskrywingspunt.

C. **BESKRYWINGSPUNT**

1. Beskrywingspunt

Dat die Sinode sy bedoeling soos gestel in 1945 en herbevestig in 1976 gestand doen, naamlik dat die Bestuur van die Kinderhuise vier diakens benoem en die Sinode 'n minimum van twee en 'n maksimum van drie predikante benoem (byvoeg).

Dat die benoeming van die vier diakens geskied tydens die algemene ledevergadering van die Kinderhuise (twee per kinderhuis) soos bepaal in die Konstitusie vir Kinderhuise wat deur die Sinode 2006 goedgekeur is.

2. Motivering

2.1 Sinode 1945 (Acta 1945:20) het die volgende besluit: "Hiermee word herroep die volmag wat kragtens art 109 van die Acta van Sinode 1933 gegee is aan 'n kerkregtelike onbekende liggaam genoem Diakonieë van Transvaal om 'n weeshuis te beheer en hierdie mandaat word verstrek aan die SDDS. Die Deputaatskap sal soos volg wees drie predikante een uit elke provinsie en vier diakens een uit elke provinsie en twee uit die Transvaal".

2.2 In aansluiting hierby het Sinode 1976 (Acta 1976:45, 3.6) besluit: "Die SDDS moet allereers uit diakens bestaan. Volgens KO, art 40 word ook predikante bygevoeg".

2.3 Sinode 2009 (Acta 2009:142, 2.4.1.2) keur goed dat die Besture van die twee Kinderhuise self twee Deputate elk aanwys om op die SDDS te dien.

2.4 Die magte van die SDDS word in die Handelinge van die Sinode deurgaans as kontrolerend (beherend) en adviserend in oorleg met die plaaslike Kerkraad, in wie se ressort die tehuise geleë is, aangedui.

2.5 As gevolg van verskeie redes is die bedoeling van die Sinode versteur deurdat die diakens in die minderheid in die SDDS is. Gevolglik kan dit nie met reg gesê word dat die diakens hulle eie diakonale sake bestuur nie.

2.6 Hierdie saak kan reggestel word deur vier diakens tydens die algemene ledevergadering van die kinderhuise op die SDDS te verkies.

Besluit: Dat gevolg gegee word aan die beskrywingspunt.